

# „Beauty Bell” Loop Hom Vas

## Nasionale Museum vir Laas Besteel

MEER AS £1 000 SE WAARDE

'n Halfuur na Diefstal Bekend  
Geraak het, is hy op  
Kroonstad Geboei

*Die berugte brandkasbreker en ontsnapte kranksinnige, “Beauty Bell”, is gistermiddag op Kroonstad in hegtenis geneem.*

*Dit blyk dat die assistent van die Nasionale Museum alhier, mnr. William Plous, gistermôre teen elfuur besig was om in die gebou aangrensende die Museumgebou te werk, toe 'n dame by hom gekom en na die Direkteur verneem het. Hy het haar gesê dat die Direkteur tuis siek is. Die dame het hom toe gevra of hy weet dat daar van die venstertjies voor die rakke in die geskiedkundige kamer stukkend is. Hy was verbaas om dit te hoor en het dadelik gaan kyk. Toe hy daar kom, moes hy tot sy grootste ontsteltenis merk dat dit werklik die geval is, en dat die septer, verteenwoordigende die mag van die Koning, van die ou Oranje-Rivier-Kolonie, die swart staf, wat terselfdertyd in die Volksraad gebruik is, en 'n borsspeld van Emily Hobhouse uit hul plekke in die rakke vermis is.*

*Beauty Bell se regte naam is William Henry Bell. Hy is sowat 66 jaar oud en is sedert lank al berug vir sy waaghalsige diefstal. Hy is nou onder 'n lewenslange vonnis, maar was in die kranksinnige gestig in Pretoria opgesluit. Op 15 Maart 1928 het hy vir die eerste maal daaruit ontsnap, maar is weer in hegtenis geneem en daarheen teruggestuur. Op 31 Augustus het hy egter weer ontsnap en verkeer sinds die tyd op vrye voet.*

*Hy het verklaar dat hy na Kroonstad gegaan het om die gesteelde voorwerpe daar te begrawe. Na ses maande wou hy dan van min. Tielman Roos om sy vrylating versoek en dan kon hy die beloning wat vir die vinder van die voorwerpe sou aangebied word, geëis het.*

*Die Direkteur waardeer die drie gesteelde artikels teen omtrent £1 000, hoewel hy daar duidelik byvoeg dat dit van soveel geskiedkundige en sentimentele waarde is, dat dit moeilik is om te dink dat die waarde daarvan in geld bereken kan word.*

*Die gesteelde septer is in die Ou Vrystaatse Volksraad gebruik as verteenwoordigende toonbeeld van die mag van die Koning. Dis 'n swaar, goue staf waarop die kroon gestut word deur twee goue a.ms. Die swart staf, gedeeltelik ook van goud en met golwende takke versier, is ook baie kosbaar. Dit het 'n kop in die vorm van 'n leuekop. Daarop is verder die Skild van die Kousband in goud aangebring en die middel en voetstuk daarvan is ook van goud. Dis in 1780 gemaak en is ook tot die Unie in die Vrystaatse Volksraad gebruik.*

*Die borsspeld van Emily Hobhouse is ook van goud met 'n diamant onderaan. Op 'n rooi emaljestrook in die borsspeld staan gegrif: GEDULD EN MOED: boaan staan: 1901 en agterop: KIMBERLEY CAMP 1901. Dis in*



*Die ampstaf van die Volksraad van die Oranjerivier-Kolonie.  
The mace of the Volksraad of the Orange River Colony.*

*1926 aan die Museum geskenk as gevolg van 'n stipulasie in die testament van die oorlede heldin.*

*Die bostaande paragrawe is aangehaal uit Die Volksblad van 13 en 15 Oktober 1928. In die opspraakwekkende hofspraak wat gevolg het is Bell, wat in Engeland gebore is en tussen 1892 en 1921 reeds 20 veroordelings op sy kerfstok gehad het, tot gewoontemisdadiger verklaar.*

*Die borsspeld van Emily Hobhouse waarna in die koerantberig verwys word.*

*The brooch of Emily Hobhouse to which reference is made in the article.*

